**22 Februarie**
**Skrifgedeelte: Psalm 19**
**Fokusgedeete: Psalm 19:2–5a**

**Die boek van die skepping**

Die Here het twee "boeke" aan ons gegee waarin ons van Hom kan lees. Die een boek is die Bybel. Die ander boek is die skepping.

Die eerste deel van Psalm 19 vertel van die wonderboek van die skepping. As jy meer wil weet oor die mag van God, oor die werk van sy hande, moet jy die boek van die skepping bestudeer. Immers, die psalm juig (vs 2): "Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend."

Die digter sê daar gaan 'n boodskap uit van die skepping. Al is daardie boodskap in 'n onhoorbare taal, al is dit 'n taal sonder woorde, dit bereik die uithoeke van die aarde (vs 4-5). Jy vergeet ook nie wie daarvoor verantwoordelik is nie, want as 'n mens 'n mooi boek lees, 'n boek wat jou in die hart gryp, maak jy seker dat jy die naam van die skrywer onthou.

So is dit ook met die boek van die skepping. Dit loop uit op die naam *God, Skepper van die hemel en die aarde*. Ons belydenis (NGB, art 2) sê: "... die skepping is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God*, naamlik sy ewige krag en goddelikheid*, duidelik laat sien …" Jy kan dit nie mis nie.

So skrywe God oor Homself in die natuur. Hy skrywe in groot, duidelike letters sodat alle mense dit kan lees en niemand hom ooit sal kan verontskuldig nie. Die berymde psalm druk dit treffend uit (vers 2):

> "Geen volk so onbegaaf, geen oor so onbeskaaf,
> wat nie dié taal verstaan."

Dit is 'n taal wat jou oproep tot aanbidding, tot roem van God almagtig!

*Sing: Psalm 19:1, 2 Ds CJH Breed (Secunda)*